Dr Corné Mulder, LP

Corné Mulder behaal sy B.Iuris graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO in 1980, met Politieke Wetenskap en Internasionale Politiek as ekstra hoofvakke. As student was hy onder andere ‘n lid van die studenteraad.

Hy voltooi 'n LL.B.-graad in 1982 met onderskeidings in verskeie vakke. Daarna het hy navorsing by die Instituut vir Gevorderde Regsstudies van die Universiteit van Londen en die Max-Planck-Instituut für ausländisches öffentliches Recht und Völkerrecht te Heidelberg, Duitsland gedoen. Hierdie navorsingsperiode was ondersteunend tot die voltooiing van 'n Doktorsgraad in Staatsreg (LL.D.) wat hy op die ouderdom van 26 in 1984 behaal het.

Nadat hy in 1987 as prokureur van die Hooggeregshof toegelaat is, is hy in 1988 as Parlementslid vir die Randfontein kiesafdeling verkies.

Hy is ‘n stigterslid van die Vryheidsfront en word in 1994 herkies as Parlementslid.

Hy is 'n lid van die portefeulje komitee vir buitelandse- sowel as binnelandse sake.

Hy was betrokke by die skryf van die Suid-Afrikaanse Grondwet as lid van die Grondwetlike Komitee van die Grondwetlike Vergadering.

Na die 1999-verkiesing word hy aangewys as hoofsweep van die Vryheidsfront.

Hy het uitgebreide buitelandse reise onderneem vir navorsings- en studiedoeleindes en het 'n belangrike rol gespeel om die VF Plus in lyn met moderne staatkundige ontwikkelings rakende selfbeskikking en minderheidsregte in die wêreld te plaas.

Hy is die voorsitter van die party se grondwetlike- en beleidskomitee en ook ‘n lid van die uitvoerende dagbestuur.

Hy is die provinsiale leier van die VF Plus in die Weskaap.

Hy is getroud met Alma Visser en hulle het twee seuns en twee dogters.